

Les 4: Die eerste diakens

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Handelinge 6: 1 - 7

Handelinge 7: 1 - 60

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Sjokolade balletjies

'n Wit klip vir elke kind

Kokipenne

Lesinhoud

Die kerk in Jerusalem het intussen al meer lidmate bygekry en van oor die hele wêreld het nuwe Christene hulle by die gelowiges aangesluit. Die kerk was gekenmerk deur mededeelsaamheid, wonderwerke en liefde. En toe ontstaan daar 'n mensgemaakte krisis! Party gelowiges het net Grieks gepraat en ander weer net Hebreeus. Die Griekssprekendes het gevoel daar word teen hulle gediskrimineer en dat die Griekse weduwees minder kos kry as die ander armes. Toe die apostels van hierdie binnegeveg hoor, het hulle dadelik 'n gemeentevergadering belê. Daar het die mense besluit dat dit nie reg was dat die apostels, wat eintlik net God se woord wou verkondig het, tyd moes afstaan aan kos uitdeel vir die armes nie. Hulle het toe die volgende plan uitgedink: Hulle sou sewe verstandige, gelowige en betroubare mans, wat vervul was met die Heilige Gees, uit die gemeente kies om hierdie werk by die apostels oor te neem. Die gemeente was baie tevrede met so 'n goeie plan. Die volgende mans is toe gekies: Stefanus, Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus. Die eerste taak waarvan ons in die Bybel lees wat vir die diakens opgelê was, was dat hulle vir die gemeente en tot God moes bid.

Stefanus, een van die sewe helpers, het baie wonderwerke in Jesus se naam gedoen. God was goed vir hom en hy is geseën met gawes soos krag en wysheid. Hy was ook 'n goeie evangelis en het kragtig gepreek. Daar was egter 'n klomp Jode wat niks van Stefanus gehou het nie. Hulle het selfs geld aan slegte mense aangebied om jokstories oor Stefanus te versprei en te sê dat hy God en Moses beledig in sy preke. Toe hierdie

vals stories by die Joodse leiers uitkom, was die gort gaar. Polisiemanne is gestuur om Stefanus te vang en hy is voor die Joodse Raad gedaag. Net soos by Jesus se verhoor, was Kajafas die hoëpriester. Die mense wat die jokstories versprei het, was ook by die hofsaak. “Ja, ons het gehoor hy sê hierdie Jesus waaraan hy glo, sal sommer die tempel afbreek! En Hy sal sommer Moses se wette ook afskaf.” Die Joodse Raad was geskok. Maar Stefanus was vervul met die Heilige Gees en glad nie bang vir die aantygings nie, dit het amper vir die Jode gelyk asof sy gesig gestraal het. Stefanus het in der waarheid verkondig dat God nog belangriker is as die tempel. God woon nie in ‘n gebou nie, maar in gelowiges se harte.

As antwoord op die beskuldigings het Stefanus losgetrek met ‘n lang preek uit die Ou Testament. Hy het eintlik nie homself verdedig nie, maar net vir die Joodse Raad van Jesus vertel. Hy het begin by Abraham, Josef en Moses en geëindig by Dawid en uiteindelik Jesus. Stefanus het verduidelik dat God ook magtige daade buite die beloofde land laat gebeur het. Jesus se evangelie sou nou ook buite Israel versprei word. “Wat het julle voorvaders met die Here se boodskappers gemaak? Hulle het hulle dood gemaak! Julle luister nie na die Heilige Gees se stem nie. Julle spul het selfs die Messias vermoor!” Stefanus het die leiers regtig uitgetrap en selfs gesê hulle het onbesnyde harte en ore. Onbesnyde mans was nie vir die Joodse leiers deel van God se uitverkore volk nie. Wat ‘n belediging! Die Joodse Raad was die heel trotste op hulle wetsgehoorsaamheid en hier vertel Stefanus vir hulle dat hulle ongehoorsaam was aan God se wette.

Die Joodse Raad het ontplof van woede. Maar Stefanus was nie bang nie. Dit het vir hom gevoel of hy skielik tot in die hemel kon sien en selfs vir Jesus aan God se regterhand kon sien staan. Toe hy dit vir die mense noem, het daar chaos uitgebreek. Stefanus moes geweet het dat hy eintlik besig was om sy eie doodsvonnis uit te spreek, maar net soos Jesus, was Stefanus ook gereed om te sterf. Van die raadslede het hulle ore toegedruk om nie meer die “godslasterlike” woorde te hoor nie, ander het egter opgespring en op hom afgestorm. Godslastering was oneerbiedige uitsprake teen God

en in Israel is dit met die dood gestraf. Die leiers wou nie eers na Stefanus se woorde luister nie want hulle het vasgeklou aan hulle eie opinies. Stefanus is uitgesleep tot buite die stadsmure en daar het hulle hom met klippe begin gooi. Stefanus het nie so baie volgelinge gehad soos Jesus nie, en daarom kon die Joodse Raad, sonder vrees vir 'n opstand, hom sommer doodmaak. 'n Jongman met die naam Saulus is gevra om na al die klipgooiers se klere te kyk. Saulus was deel van die Joodse Sanhedrin en 'n getuie tydens Stefanus se hofsaak.

Terwyl die klippe op hom neergereën het, het Stefanus gebid dat Jesus hom vining sal kom haal. Hy het ook hardop uitgeroep tot God en gevra dat die gooiers se sondes vergewe sou word. Uit hierdie sterwenswoorde van hom, weet ons dat Stefanus Jesus tot aan die einde bly volg het. Dit was Stefanus se laaste woorde en hy is daar op die plek dood. Die jongman, Saulus, het al die klipgooiers gaan geluk wens met hulle goeie stukkie werk. Stefanus was die eerste Christen waarvan ons in die Bybel lees wat ter wille van sy geloof gesterf het. Stefanus het nie verniet gesterf nie, as gevolg van sy dood het Saulus later tot bekering gekom, Filippus en Petrus het op 'n sendingreis gegaan en die gemeente in Antiogië (Sirië) is begin. Dit was eintlik eers na Stefanus se dood dat die evangelie vir die eerste keer werklik buite Judea verkondig is.

Vragies vir slim oortjies

- Waartoor was die Griekssprekende gemeentelede vies?
- Kan julle 'n naam van een van die diakens onthou?
- Wat beteken dit as iemand gestenig word?
- Wat was Stefanus se laaste woorde?

Plakkers

Kom ons soek die plakkers vir “Die eerste diakens.” Plak dit nou op die regte plek in jou Odosboek in. Maak oop jou Odoskaart en volg vandag se roete.

Besprekingspunte

- Is jy bereid om, soos Stefanus, ter wille van jou geloof te sterf?
- En om vir Hom te lééf?
- Sal jy soos Stefanus, opregte liefde kan hê vir jou vyande?

- Wat sal jy graag as jou laaste woorde voor jou dood wil sê?

Lewensles

Die ewangelie het versprei soos rimpels op die water. En weet julle, dit werk vandag nogsteeds so. Raak die mense om jou aan en hulle sal weer ander aanraak.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, Stefanus is vir ons so 'n fantastiese voorbeeld van hoe ons U moet volg. Ons wil onverskrokke vegters vir Christus wees. Dit is moeilik om ons vyande te vergewe, maar ons wil dit graag doen omdat U dit van ons vra. Amen

Idees vir VET pret

Ons gaan vandag harde, ronde, sjokolade balletjies eet. Dit kan ons herinner aan die klippe wat die Jode na Stefanus gegooi het.

Kreatiewe aktiwiteite

Vandag gaan ons klippe versier. Elke kind kry 'n wit klip en koki penne waarmee hulle die klip kan versier net soos wat hulle wil. Wys aan die kinders 'n paar voorbeelde. Hierdie klip kan ons daaraan herinner dat ons nooit "klippe na ander mag gooi nie," met ander woorde dat ons ook sondes het en nie ander mense met ons woorde moet "doodmaak" nie.

Vers vir die week

Handelinge 7: 59 en 60

"Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: Here Jesus, ontvang my gees. Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie. Met hierdie woorde het hy gesterwe."